

# Hoërskool Duineveld



## *Gedragkode en skoolreëls*

### 1. Inleiding

Hierdie dokument dien as die gedragkode van **HOËRSKOOL DUINEVELD**, soos die beheerliggaam dit goedgekeur het. Die beheerliggaam het die ouers, leerders en opvoeders van die skool oor die inhoud van die dokument geraadpleeg.

Die gedragkode en reëls is opgestel in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; Riglyne vir Gedragkode vir Leerders (Algemene Kennisgewing 776 in Staatskoerant 18900 van 15 Mei 1998); die Regulasies met betrekking tot Apparate vir Dwelmtoetsing en die Prosedure wat gevolg moet word (GK 1140 in Staatskoerant 31417 van 19 September 2008); Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole (GK 1040 in Staatskoerant 22754 van Oktober 2001, soos gewysig) en toepaslike provinsiale wetgewing.

In 'n Skoolgemeenskap is 'n gedragkode noodsaaklik om die opvoedkundige doelstelling van die skool te bereik.

Orde, dissipline en respek vir elke individu vorm die grondslag vir sukses en 'n gelukkige skoolgemeenskap.

Christelike beginsels dien as grondslag vir ons gedragkode.

Die doel met hierdie gedragkode is die sedelike, dissiplinêre en akademiese vorming van leerders, die handhawing van goeie orde, die erkenning van 'n sinvolle gesagstruktuur, asook die uitbouing van die goeie naam van die skool.

Elke leerder en ouer moet hom/haar deeglik vergewis van die inhoud van hierdie gedragkode, insluitend enige toevoegings of wysigings wat van tyd tot tyd gemaak mag word.

Leerders moet al die bepalings van hierdie gedragkode stiptelik nakom. Oortreding of verontagsaming van enige bepaling in hierdie gedragkode vervat, stel leerders bloot aan strafmaatreëls wat deur die skoolhoof en/of beheerliggaam, ooreenkomstig die relevante wetgewing, toegepas of gemagtig mag word.

### 2. Doel

Hoewel die Staat verplig bly om opvoeding beskikbaar en toeganklik te maak, moet dít aangevul word met die toewyding en verbintenis van verantwoordelike rolspelers, naamlik opvoeders, leerders en ouers. Hierdie gedragkode is bedoel om sodanige toewyding en verbintenis te bevorder.

Die doel van hierdie gedragkode is

- om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te vestig wat toegewy is aan die bevordering en handhawing van die gehalte van die leerproses.
- Om aan elke leerder die volle geleentheid te gee vir optimale ontwikkeling van vermoëns en talente op alle christelik opvoedkundige terreine.
- Om aan elke leerder die geleentheid te bied om hom/haar maksimaal voor te berei vir die volwasse lewe.
- Om aan elke leerder as 'n unieke individu met sy/haar besondere eienskappe en behoeftes sekuriteit en geborgenheid te bied in die skoolgemeenskap.

- Om leerders die beginsel aan te leer : "om vir mekaar om te gee en mekaar se belange op die hart te dra", in 'n gees van samewerking en ondersteuning.
- Om aan elke leerder 'n veilige omgewing daar te stel waar fisiese beserings sover menslik moontlik beperk word.
- Om as skool en ouers in vennootskap die beste aan die kind te bied deur effektiewe kommunikasie.

Die gedragskode onderskryf die skool se missiestelling.

Leerders en hul ouers/voogde moet hulself van die skool se gedragskode en die bepalings daarvan vergewis. Sodra leerders by die skool/koshuis ingeskryf is, is hulle onderworpe aan die gedragskode, en moet hulle dit stiptelik nakom. Indien leerders die gedragskode oortree of minag, sal daar ooreenkomstig die dissiplinêre prosedure vir leerders teen hulle opgetree word.

### 3. Bemagtinging van personeel

3.1 Elke personeellid word bemagtig om teen 'n leerder wat die gedragskode oortree, op te tree en die oortreding te hanteer op een van die wyses soos beskryf in hierdie gedragskode

3.2 'n Opvoeder van die skool sal oor dieselfde regte as 'n ouer beskik wat betref die beheer en dissipline van die leerder volgens die gedragskode, sowel gedurende die leerder se skoolbywoning as gedurende enige skoolaktiwiteit.

## 4. Gedragskode / Reëls

### 4.1 Algemeen:

4.1.1 Leerders sal hulle te alle tye as goeie ambassadeurs van die skool en ooreenkomstig die etiekkode van die skool gedra.

4.1.2 Terwyl leerders in die skool se drag of enige gedeelte daarvan geklee is wat voldoende is om hulle in die oë van die publiek met die skool te verbind, of terwyl leerders die skool verteenwoordig, hetsy direk of indirek, hetsy as deelnemers, ondersteuners, helpers, toeskouers of andersins, sal hulle hulself van enige gedrag weerhou wat die skool, personeel of hul medeleerders in 'n slegte lig kan stel.

4.1.3 In hul wisselwerking met die skoolhoof, adjunkskoolhoof, opvoeders en ander skoolpersoneel, moet leerders te alle tye die nodige hoflikheid en respek betoon en hulle weerhou van optrede wat op oneerbiedigheid of opstandigheid neerkom.

4.1.4 In hul wisselwerking met mekaar, moet leerders sover moontlik selfbeheersing aan die dag lê en wedersydse respek en verdraagsaamheid betoon. In die besonder moet leerders hulle weerhou van enige gedrag wat daarop gemik is om die fisiese, geestelike en morele welstand van enige ander leerder te skend, of wat daartoe kan aanleiding gee. Enige seksuele of onbehoorlike fisiese kontak tussen leerders op die skoolterrein of enige ander plek waar hulle as leerders van die skool uitgeken kan word, is streng verbode.

4.1.5 Die kou van kougom gedurende skoolaktiwiteite is verbode.

4.1.6 Selfoongebruik gedurende skoolaktiwiteite is streng verbode. Oproepe mag slegs in noodgevalle en met die toestemming van die skoolhoof gemaak word.

4.1.7 Die rook, besit en/of gebruik van tabakmiddels, drank, ander alkoholiese middels of dwelmmiddels gedurende enige skoolaktiwiteit of wanneer leerders in skooldrag geklee is, is verbode. Leerders mag nie enige vorm van rookgoed (vuurhoutjies, sigaretaanstekers, sigarette ens.) by hulle of in skooltasse of op enige plek op die skoolterrein, hê nie.

4.1.8 In geval van 'n redelike vermoede dat leerders hulself aan 'n oortreding van hierdie gedragskode of die landswette skuldig gemaak het, het die skoolhoof of 'n opvoeder die reg om sodanige leerders en/of die eiendom in hul besit vir enige gevaarlike wapens, gewere, dwelms of ander skadelike en gevaarlike middels, gesteelde goedere of pornografiese materiaal te deursoek wat die leerders moontlik op die skoolterrein kon bring. Sodanige leerders se menswaardigheid sal deurentyd gerespekteer word, en dus sal die deursoeking privaat, deur persone van dieselfde geslag, en in die teenwoordigheid van nóg 'n persoon geskied. Die deursoekingsproses en -uitkoms moet opgeteken word.

4.1.9 Enige optrede wat die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die skool onbillik benadeel, sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.

4.1.10 Ordelikheid, stiptelikheid en gedissiplineerdheid is 'n vereiste vir elke leerder van hierdie skool. Spesifieke reëls ter handhawing hiervan kan van tyd tot tyd neergelê of gewysig word.

4.1.11 Die sekretaresses word slegs voor skool en gedurende pouses gespreek. Van hierdie reël word slegs in dringende gevalle afgewyk.

4.1.12 Indien leerders die hoof wil spreek, word 'n afspraak by die sekretaresses gemaak.

4.1.13 Tasse moet stewig wees sodat dit genoegsame beskerming aan die boeke daarin bied. Slegs die naam van die leerder in drukskrif word buite op die tas toegelaat - geen ander geskryf nie.

4.1.14 Leerders van Hoërskool Duineveld moet respek betoon teenoor :

- Die landsvlag en volkslied
- Amptelike landstale
- Personeel
- Hulle meerderes
- Die skool se eiendom
- Skooldrag
- Die skoollied en erekode
- Hul medemens

## **4.2 Binne enige skoollokaal:**

4.2.1 Slegs leerders wat spesiale skriftelike verlof het, mag gedurende pouses en voor skool klaskamers binnegaan. Geen leerder mag na skool enige gedeelte van die skoolgebou sonder verlof binnegaan nie.

4.2.2 Alle leerders mag soggens en tydens pouses hul tasse voor die lokaal gaan plaas waar hulle die eerste periode klas het of hulle mag hul tasse by hulle hou. Lokale word nie soggens oopgesluit nie. Elke personeelid moet self sy lokaal oopsluit aan die begin van die eerste periode.

4.2.3 Niemand mag die sale (Noord sowel as Suid) binnegaan sonder verlof of toesig nie.

4.2.4 Die toilette mag nie sonder verlof gedurende klaswisseling gebruik word nie. Tydens periodes sal leerders slegs in uitsonderlike gevalle toestemming van onderwysers kan verkry om die toilet te besoek. Leerders moet voor skool of tydens pouses hulle besoeke aan die toilet afhandel.

4.2.5 Daar is vasgestelde tye waarop leerders die mediasentrums mag besoek. Die reëls en gesag van die betrokke leerkrag moet gehoorsaam word. Reëls van mediasentrums moet gehoorsaam word.

4.2.6 Klaskamers, stoepe en die terrein moet netjies gehou word. Papiere, skille, boeke, ens. mag nie in die klaskamers rondgegooi word of in die banke gelaat word nie. Skooleiendom mag nie beskadig word nie.

4.2.7 Leerders mag nie die skool se klaviere sonder verlof gebruik nie. Slegs leerders wat musiek neem en wat verlof verkry het, mag die musiekkamer binnegaan of op die klaviere in die sale of ander lokale speel.

4.2.8 Leerders mag nie sonder verlof van die skoolhoof of ander betrokke onderwysers, kennisgewings op die kennisgewingsborde aanbring nie. Sulke kennisgewings moet deur die skoolhoof of betrokke onderwysers onderteken word.

4.2.9 Geen onderdele van rekenaars mag verwyder word of omgeruil word of huis toe geneem word nie.

4.2.10 Geen onweloweglike materiaal mag op die internet gekyk of afgelaai word nie.

#### **4.2.11 Klaskamerreëls**

Klasreëls moet opstel en as deel van die gedragskode aanvaar word. Die klasreëls moet skriftelik opgestel word en by die skoolhoof en die skoolbeheerliggaam ingedien word; -in duidelik leesbare skrif op 'n prominente plek in die klaskamer aangebring word; en aan alle leerders en hul ouers beskikbaar gestel word.

Leerders moet stiptelik en volledig voldoen aan die klasreëls sowel as enige mondelinge opdragte wat die klasopvoeder of enige personeelid gee, en wat redelikerwys noodsaaklik is om hierdie gedragskode uit te voer en/of om die skool behoorlik en professioneel te bestuur.

Die volgende reëls moet in die klaskamer nagekom word:

4.2.11.1 Geen leerder word in die klaskamer toegelaat sonder toestemming of toesig nie.

4.2.11.2 Laat die klaskamer netjies na elke periode.

4.2.11.3 Alle leerders moet die nodige respek betoon deur op te staan indien 'n volwassene die klas binnekom.

4.2.11.4 Slegs een leerder op 'n slag kommunikeer met die onderwyser.

4.2.11.5 Selfone moet afgeskakel en weggepak wees. Geen selfone word in die klas toegelaat tydens 'n toets of eksamen nie.

4.2.11.6 Geen eet – of drinkgoed word in die klaskamer toegelaat nie. Slegs 'n bottel water word gedurende die eerste kwartaal toegelaat.

4.2.11.7 Behandel die onderwyser en mede klasmaats met respek.

4.2.11.8 Geen ontwrigting word toegelaat nie.

4.2.11.9 Leerders moet stil bly tydens afkondigings oor die interkom. Geen geraas of wegpakkery sal geduld word nie.

4.2.11.10 Verdag slegs op die bevel van die onderwyser.

4.2.11.11 'n Leerder moet by die graadhoof / adjunkhoof aanmeld wanneer hy/sy die klas belet word.

4.2.11.12 Geen laatkommery sal toegelaat word nie. Daag betyds en binne die voorgeskrewe tyd vir klas op.

4.2.11.13 Geen leerder verlaat die klas sonder die toestemming van die onderwyser nie.

4.2.11.14 Geen rondlopery word toegelaat in die klaskamer nie. 'n leerder mag sy/haar sitplek slegs met toestemming verlaat.

Enige oortreding van die klaskamerreël sal as 'n vlak 1 oortreding van hierdie gedragskode en skoolreëls beskou word. Indien so reël herhaaldelik oortree word kan dit as 'n vlak 2 oortreding beskou word.

#### **4.3 Op die skoolterrein:**

4.3.1 Pouses :

4.3.1.1 Leerders mag nie die skoolterrein verlaat of gesprekke aanknoop met persone in die straat nie. In die geval van siekte tydens die skooldag kan skriftelike toestemming verkry word van die skoolhoof of graadhoofde.

4.3.1.2 Geen leerder word gedurende pouses in die areas toegelaat waar fietse, motorfietse of motors gehou word nie.

4.3.1.3. Leerders mag nie op Niemandslaan wees nie. Dit is verbode terrein, so ook die tennisbane, koshuisterreine, koshuisgeboue, enige plek suid van die Suidgeboue, d.w.s. tussen die saal en skoolgebou, Suidsaal, hokkieveld, ens.

4.3.1.4 Leerders mag slegs op die volgende areas van die skoolterrein wees :

- Die bome langs die C-rugbyveld,
- Op die gras van die C-rugbyveld nie verder as die verste rugbypale van die rugbyveld nie.
- Op die gras tussen die Suidgeboue en die meisieskoshuis (nie op die gras tussen die meisieskoshuis en die straat nie).

4.3.2 Daar mag nie met fietse op die skoolterrein gery word nie. Fietse moet gestoot word tot by skoolhekke. Fietse mag slegs (gesluit) in die rakke aan beide kante gelaat word.

4.3.3 Daar moet orde om die snoepwinkels heers en papiere, blikkies, ens, moet in die beskikbare houers geplaas word.

4.3.4 Leerders moet koeldranke en eetgoed voor die einde van pouse nuttig.

4.3.5 Afknouery, beledigings, spottery en gevaarlike speletjies word nie op die skoolterrein toegelaat nie.

4.3.6 Geen vorm van ontgroening (dopery) of iets dergliks word toegelaat nie. Slegs die VRL onder die toesig van die verantwoordelike onderwysers mag met gr.8-leerders werk met skoolhoof se toestemming (slegs oriëntering - m.a.w. verkenning).

4.3.7 Leerders moet flink opstaan wanneer 'n volwassene of besoeker by hulle verby beweeg op die speelterrein.

4.3.8 Gevaarlike speletjies, bakleiery of stoeiery, waardeur sy/haar klere verniel of beskadig kan word, mag nie op die skoolterrein plaasvind nie.

4.3.9 Die gooi van gevaarlike voorwerpe soos klippe is verbode.

#### **4.4 Bywoning:**

4.4.1 Leerders moet die skool tydens die vasgestelde skoolure bywoon. 'n Leerder mag gedurende skoolure slegs met die skoolhoof of graadhoof se verlof uit 'n klas afwesig wees of die skoolterrein verlaat.

4.4.2 Indien 'n leerder vir 'n tydperk van een skooldag of langer van die skool afwesig is, moet die rede vir die afwesigheid skriftelik verstrek word. Hierdie bepaling is nie van toepassing op voltydse kosgangers nie, behalwe na 'n naweek. *Fakse of e – pos is ook aanvaarbaar*

4.4.3 Leerders moet teenwoordig wees van die eerste tot die laaste skooldag van die kwartaal.

4.4.4 Die skoolhoof is nie by magte om toestemming vir afwesigheid van leerders te gee nie. Slegs onder buitengewone omstandighede (bv. siekte, dood, ens.) mag die skoolhoof toestemming tot afwesigheid verleen. Skoolbywoning word streng gekontroleer en afwesigheid word aangeteken op leerders se persoonlike lêers. Gereelde afwesigheid (behalwe weens buitengewone omstandighede) sal reflekteer op getuigskrifte en ander verslae.

4.4.5 Briewe (nie telefoniese boodskappe nie) van ouers om verskoning aan te bied vir leerders se afwesigheid, moet op die EERSTE DAG as die leerder weer aanwesig is, na die skool gebring word. *Fakse of e – pos word ook aanvaar.*

4.4.6 Alle tandarts-, doktersafsprake, sowel as ander afsprake moet vir tye na skoolure geskeduleer word. Uitsonderings sal egter gemaak word waar leerders gespesialiseerde mediese behandeling moet ontvang van besoekende spesialiste. In hierdie gevalle versoek ons ons ouers om vakansietye vir hierdie doel aan te wend. Versoeke dat kinders tuis moet bly, of vroeër huis toe moet gaan om bv. bestuurderslisensies te verkry ens., sal nie toegestaan word nie.

4.4.7 'n Mediese sertifikaat word vereis in die geval van afwesigheid met eksamen / bevorderingstoets, sodat reëlins getref kan word dat leerder die toets op 'n later datum skryf. Vir enige afwesigheid tydens dae waarop amptelike toetse geskryf word, moet skriftelik kennis aan die skoolhoof gegee word.

Enige oortreding van die bywoningsreël sal as 'n vlak 1 oortreding van hierdie gedragskode en skoolreëls beskou word. Indien so reël herhaaldelik oortree word kan dit as 'n vlak 2 oortreding beskou word.

#### **4.5 Reëls vir aantree by klasse, beweging in geboue ( noord en suid ) en klaswisseling tussen noord en suid.**

4.5.1 Aan die begin van die skooldag (Dinsdag tot Vrydag en *Maandae wanneer daar nie saal is nie*) tree leerders onmiddellik nadat die klok gelui het, in reguit rye in registerklasse op die betonblad by die Suidsaaal aan.

4.5.2 Aan die begin van die skooldag op Maandae ( *wanneer daar saal is* ) en die einde van pouses tree leerlinge onmiddellik nadat die klok gelui het, in reguit rye voor die lokale waar hulle klas het, aan.

4.5.3 Met die verwisseling van klasse binne enige een van die twee geboue en wanneer leerders die skoolgeboue binnegaan of verlaat, beweeg hulle in enkel gelid. Geen gepraat of lawaai van enige aard, stampery, ens., word toegelaat nie.

4.5.4 Binne die geboue stap leerders aan die linkerkant van die gange. Met die verwisseling van klasse het die leerders wat reeds in die gang is, voorrang bo die wat 'n lokaal verlaat. Wanneer rye moet kruis, het die linkerkantse ry voorkeur om te stap.

4.5.5 Leerders wag buite klaskamers tot die onderwyser hulle toelaat om binne te gaan.

4.5.6 Leerders beweeg vinnig in enkelgelid van die een klas na die volgende. Gesels in groepe of kleedkamerbesoeke gedurende klasruilings is nie toelaatbaar nie.

Enige oortreding van die reëls by 4.5 sal as 'n vlak 1 oortreding van hierdie gedragskode en skoolreëls beskou word. Indien so reël herhaaldelik oortree word kan dit as 'n vlak 2 oortreding beskou word.

#### **4.6 Reëls met betrekking tot voorkoms en skooldrag**

##### 4.6.1 Algemeen:

4.6.1.1 Personeel en VRL-lede behou hulle die reg voor om enige leerling aan te spreek en te straf indien sy/haar kleredrag nie korrek is of sy/haar voorkoms onnet is.

4.6.1.2 Skooldrag moet altyd netjies en skoon wees. Daar mag niks op die kleurknopies, wapentjies, tasse, of res van die uniform, geteken, geskryf of geplak word nie.

4.6.1.3 Leerders mag nie met hande in baadjiesakke, broeksakke (of onder truië ingesteek) loop nie.

4.6.1.4 Knope en some moet vasgewerk wees en nate moet nie losgetorring wees nie.

4.6.1.5 Voorkoms moet deurentyd die skooluniform tot eer strek.

4.6.1.6. By skoolfunksies waar skooldrag nie vereis word nie:

- moet leerders te alle tye netjies en betaamlik geklee wees wanneer hulle in die openbaar verskyn.
- sal leerders wat bostaande reëls oortree, nie weer by skoolfunksies toegelaat word nie.

4.6.1.7 Elke leerder se skooldrag, naels en skoene moet aan die begin van die skooldag skoon wees.

##### 4.6.2 Skooldrag:

4.6.2.1. Die dra van die amptelike skooldrag is verpligtend vir skoolbywoning, skoolfunksies en georganiseerde skooltoere of uitstappies, tensy anders gereël vir besondere geleenthede en omstandighede. (Sweethakbaadjies, oortruie of ander "tops" word nie saam met skooldrag toegelaat nie.)

##### 4.6.2.2 Dogters: Wintersdrag (Algemeen)

- Das word gedra en dasknope moet stewig vasgetrek wees.
- Die hemp se boonste knoop moet vas wees en nie oorhang nie.
- Geen gebreide kouse mag gedra word nie - slegs die gewone dik- of dungeweefde skoolkouse.
- Gryns, lang kouse mag gedra word. (sonder enige motief)
- Slegs die skooltrui mag gedra word, m.a.w. geen sweethakbaadjie of ander truië mag gedra word nie.
- Slegs swart skoolskoene (geen moderne skoene nie).
- Baadjies mag uitgetrek word. (Baadjies moet met respek hanteer word.)

- Hou baadjie se bo-sak skoon en leeg - geen roosters, dagboekies, penne, ens. nie. (Dit geld vir die somer ook.)
- Soomlengte : Geknielde posisie 15cm bokant knie.
- Skoene moet skoon en blink wees.
- Geen los some of knope en los gordels nie.

#### 4.6.2.3 Die volgende tipes wintersdrag vir meisies kan gedra word.

- Skoolromp, wit langmouhemp, das, baadjie en swart, lang sykouse. Hierdie is dan ook die UITSTAPDRAG. M.a.w. by alle amptelike skoolfunksies (prysuitdelings, oueraande, ens.) en geleenthede waar die skool verteenwoordig word, moet slegs hierdie drag gedra word.
- Langbroek (soos voorgeskryf) moet te alle tye saam met 'n baadjie en das gedra word met swart of vlootblou skoolsokkies.
- In bogenoemde situasies kan 'n trui wel onder die baadjie gedra word as die leerder dit so verkies. Geen trui sonder 'n baadjie word toegelaat nie.
- Moulouse trui mag slegs onder baadjie gedra word.
- By die skoolhemp (langmouhemp) en das mag daar wel grys lang kouse gedra word sonder enige motief.

#### 4.6.2.4 Dogters: Somersdrag

- Geen LO -klere of T-hempies mag onder skoolklere gedra word nie - al steek dit ook nie uit nie. (Dit geld ook vir die winter.)
- Geen vleeskleurige kouse mag saam met die wit sokkies gedra word nie.
- Slegs swart skoolskoene soos voorgeskryf.
- Voorgeskrewe oopnek-kortmouhemp / langmouhemp met moue tot bokant elmboog opgerol.
- By saalbyeenkomste : Someruniform met skooldas.

#### 4.6.2.5 Seniordrag (slegs Gr.12 meisies ( Hierdie drag is nie verpligtend nie. )

- Skoolskoene met swart lang sykouse kan gedurende skooldag daarby gedra word
- In die somer kan 'n kortmouhemp en das by romp gedra word, maar in die winter moet 'n langmouhemp en das daarby gedra word.

#### 4.6.2.6 Seuns: Wintersdrag

- Grys lang skoolbroek.
- Grys skoolsokkies by langbroek.
- Swart skoen (geen "buckle"-skoene)
- Swart lyfgordel met onopsigtelike gespe.
- Voorgeskrewe skoolhemp - Boonste knoop toegeknoop en nie oorhang nie.
- Skooldas of akademiese das - vasgetrek.
- Voorgeskrewe V-nek of moulouse skooltrui. Geen sjoelbaadjies mag gedra word nie.
- Wanneer Skoolbaadjies gedra word, mag dit uitgetrek word. Baadjies moet met respek hanteer word.
- Leerders kan in die klaskamers hul baadjies uittrek.
- Middelste knoop van die baadjie moet vasgemaak word waar etiket dit vereis.
- Hou baadjie se bo-sak skoon en leeg - geen roosters dagboekies, penne, ens. nie. Dit geld vir die somer ook.
- 'n Frokkie of wit T-hemp (waarop niks gedruk is nie) mag onder hemp gedra word.

#### 4.6.2.7 Seuns: Somersdrag

- Grys kort of lang skoolbroek.
- Grys lang skoolkouse by kortbroek en grys kort skoolsokkies by langbroek.
- Voorgeskrewe oopnek-kortmouhemp / langmouhemp met moue tot bokant elmboog opgerol.
- Slegs swart skoene soos voorgeskryf.
- Swart lyfgordel met onopsigtelike gespe.

#### 4.6.2.8 Lapelwapens:

- *Slegs skoolverwante tipe wapens soos deur die skool toegeken en soos deur die erekleurekomitee goedgekeur word toegelaat.*

#### 4.6.2.9 Algemeen:

- Geen musse of hoofbedekkings buiten dié wat in die kleredragreëls voorgeskryf word, mag gedra word nie.
- Die beheerliggaam kan na goeë dunks toestemming verleen dat leerders by sekere geleenthede burger-/gewone drag dra. Sodanige drag moet netjies en welvoeglik wees.

#### 4.6.3 Voorkomsreëls

##### 4.6.3.1. Dogters: Hare:

- Elke dogter se hare moet altyd netjies versorg, skoon en van 'n voorgeskrewe lengte wees.
- Die skoolhoof het die reg om te beslis of 'n dogter se haarstyl en haarlengte aan die aanvaarde norme van hierdie skool voldoen en om bepaalde norme oor haarstyle en haarlengtes vas te stel of te wysig.
- Lang hare moet gevleg of vasgebind word soos wat die interne reëls bepaal.
- Haarlengte Agter :
- Nie langer as onderkant die kraag nie. (Indien dit wel langer is, word die hare vasgemaak of vasgesteek met een soort knippie, maar dit moet netjies lyk). Indien hare korter as die voorgeskrewe lengte is, maar dit vertoon onnet, moet dit vasgemaak word.
- Kort hare moet netjies geknip wees met geen lang dun punte wat uithang nie.
- Kante : Los stukke moet agter ore vasgesteek word.
- Vasmaak van Hare :
- Hare mag nie terselfdertyd in vlegsels én poniesterte gedra word nie. Dus - òf die een òf die ander.
- Vir lang hare word GEEN haarstyle toegelaat nie. Lang hare moet met vloodblou, swart, wit of bruin haarrekkies vasgemaak word.
- Geen groot rolknippe of enige ander soort knippe word toegelaat nie.
- Geen uitspattige kleursel, onooglike kartelings of onooglike byderwetse haarstyle sal toegelaat word nie.

##### 4.6.3.2 Haarversierings :

- Bolletjies - slegs vloodblou, swart of wit.
- Linte – vloodblou, swart of wit. *Ook rooi by veltie sportdrag.*
- Haarknippe of krammetjies – slegs vloodblou of silwer of goud (nie geel of wit nie).
- Alice-band - dun band sonder enige byvoegsels. - vloodblou, wit, bruin, swart *of deursigtig.*
- Haarknippies moet dieselfde vorm en kleur hê. Dieselfde geld vir die haar- kamme.
- Onder geen omstandighede mag hare voor of na skool losgemaak word terwyl 'n leerder in skooluniform geklee is nie.
- Gejelde hare word toegelaat as dit gekam is en nie regop staan nie.

##### 4.6.3.3. Grimering:

- Gesiggrimering, en geverfde naels, word nie saam met die skooldrag toegelaat nie.
- Geen grimering mag gedra word nie - al lyk dit ook hoe natuurlik of "onsigbaar".
- Probleemvelle mag nie toegesmeer word met een of ander middel wat soos onderlaag lyk nie. Grimering moet deeglik verwyder word. Geen tatoeërmerke word toegelaat nie.

##### 4.6.3.4 Naels:

- Naels moet kort wees en nie oor vingerpunte steek nie.
- Al die meisies mag kleurlose naellak dra (nie die pienkerige tipe nie). Toonnaels mag nie naellak aanhê nie.



#### 4.6.3.5 Juwele:

- Geen juwele soos oorkrabbetjies (met die uitsondering van klein, dun, goue of silwer ooringe of knoppies- een in elke oorbel vir dogters alleenlik), ringe, armbande, borsspelde, halssnoere of soortgelyke versierings mag saam met die skooldrag of amptelike sportdrag gedra word nie.
- Geen armbande (behalwe Medic Alert)
- Geen hangertjies (behalwe Medic Alert)
- Geen ringe
- Geen enkelkettings
- Geen tong "studs" - geen ringe of "studs" in enige sigbare liggaamsdeel nie.
- Geen naeltjieringe
- Oorbelle: Slegs "studs" (sonder steentjies) - net die klein ronde tipe.
- Gewone klein ooringetjies mag gedra word tot en met 'n deursnee van 1,5cm.

LET WEL : Slegs een ooring / "stud" in elke oor in die onderste gaatjie wat op die normale plek op die oorbel moet wees. Verskillende vorms en verskillende soorte oorbelle / ooringe mag nie gelyktydig gedra word nie. Niks mag aan die ooringetjies gehang word nie.

#### 4.6.3.6 Horlosies :

- Polshorlosies mag gedra word.
- Slegs horlosies met 'n gestandaardiseerde bandjie (bruin/swart/wit goud/silwer) kan gedra word.
- Geen aanhangsels aan die horlosiebandjie nie.

#### 4.6.3.7 Seuns : Hare:

- Elke seun se hare moet altyd netjies versorg, skoon en van 'n voorgeskrewe lengte wees.
- Die skoolhoof het die reg om te beslis of 'n seun se haarstyl en haarlengte aan die aanvaarde norme van hierdie skool voldoen en om bepaalde norme oor haarstyle en haarlengtes vas te stel of te wysig.
- Kuiflengte - Voorkop moet oop wees. Kuif mag nie aan wenkbroue raak nie.
- Agterkant - Hare mag nie aan kraag raak nie en mag nie 'n "wal" vorm nie.
- Geen "step" of "undercut" word toegelaat nie.
- Sykante - As hare reguit afgekam word, mag dit nie oor die bopunt van die ore hang nie.
- Bakkebaard - Tot in middel van oorholte.
- Hare moet te alle tye netjies vertoon en geen uitspattighede sal geduld word nie. Gejelde hare word toegelaat as dit wel gekam is en nie regop staan nie.
- Geen uitspattige kleursel, onooglike kartelings of onooglike byderwetse haarstyle sal toegelaat word nie.

#### 4.6.3.8 Baarde en snorre

- Indien dit nodig word vir seuns om te skeer, moet hulle ELKE DAG glad geskeer wees.

#### 4.6.3.9 Versierings:

- Geen versiering van watter aard ook al sal by seuns toegelaat word nie.
- Die volgende is ten strengste verbode :
- Halssnoere, ooringe, armbande, ringe, enkelringe, tongringe of "studs" en tatoeërmerke.
- Slegs halssnoere of armkettings wat 'n allergie aandui, word toegelaat. (Medic Alert).
- Horlosies - slegs horlosies met 'n gestandaardiseerde bandjie (bruin/swart/wit goud/silwer) kan gedra word. Geen aanhangsels aan die horlosiebandjie nie.

## 4.7 Sport- en buitemuurse aktiwiteite

4.7.1 Dit is in die leerder se eie belang dat hy/sy aan een of ander sportsoort deelneem.

4.7.2 Deelnemers aan sport- en buitemuurse aktiwiteite

- Kleredrag: Leerders wat gekies word om die skool as deelnemers in enige sport- of ander buitemuurse aktiwiteite te verteenwoordig, moet gedurende en ná deelname aan sodanige

aktiwiteit in die sportdrag, skooldrag of ander voorgeskrewe drag geklee wees soos wat die opvoeder wat vir daardie aktiwiteit verantwoordelik is, bepaal.

- Tydens kort roetes moet leerders in skooldrag of skoolsweetpakke geklee wees. Tydens langer roetes word leerders toegelaat om in voorgeskrewe rydrag te reis. Tydens die verrigtinge by die bestemming moet leerders in skooldrag geklee wees.
- Alle leerders wat aan voormelde aktiwiteite deelneem, sal lojaal wees teenoor die skool en mededeelnemers. In die besonder moet deelnemers betyds en stiptelik by die plek aanmeld waar die aktiwiteit plaasvind of van waar deelnemers na die betrokke plek van deelname vertrek. Leerders wat gekies is om die skool in 'n aktiwiteit te verteenwoordig kan slegs van bywoning verskoon word indien 'n skriftelike verskoning vooraf aan die sport- of kultuurhoof oorhandig word. Onvermydelike afwesigheid van 'n aktiwiteit sal slegs verskoon word indien die sport- of kultuurhoof nie later nie as drie dae na afloop van die betrokke aktiwiteit 'n skriftelike verskoning ontvang.
- Leerders wat die skool by sportaktiwiteite verteenwoordig, sal te alle tye hoflik optree teenoor, en aan die beslissings, voorskrifte en opdragte voldoen van:
  - die sporthoof en die opvoeder wat by die bepaalde sport betrokke is;
  - die skeidsregter of beoordelaar ten aansien van die betrokke aktiwiteit; en,
  - die spankaptein.
- Alhoewel daar aanvaar word dat leerders wat aan sportaktiwiteite deelneem dit met oorgawe en volle inspanning doen, moet sodanige leerders steeds selfbeheersing en dissipline aan die dag lê. In die besonder moet leerders hulle van enige onsportiewe gedrag, vuil of beledigende taal, betrokkenheid in gevegte of voorvalle, of enige vuil of onbehoorlike spel weerhou.
- Toeskouers en ondersteuners by sport- en ander buitemuurse aktiwiteite
- Alle leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon, sal, benewens die nakoming van die bepalinge van hierdie gedragskode, hulle van ontwrigtende, onbehoorlike, opstandige, onnodig opruiende of onbetaamlike gedrag weerhou. In die besonder mag leerders nie negatief op die beslissings van beoordelaars of skeidsregters reageer nie.
- Leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon, sal hulle onderwerp aan en neerlê by enige opdragte en aanwysings wat hulle voor, gedurende én na afloop van die betrokke aktiwiteit ontvang van die skoolhoof, enige opvoeder, lid van die Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL), ander skoolleiers, of ouers wat die skoolhoof aangestel het om met die vervoer, toesig of beheer van leerders te help wat na of van die betrokke aktiwiteit vervoer word, of dit bywoon.

4.7.3 Leerders wie se name op die kennisgewingbord verskyn vir deelname aan een of ander sportsoort (of ander skoolbedrywighede) mag nie sonder verlof van die betrokke onderwyser(-es) afwesig wees nie en hy/sy moet die onderwyser(-es) betyds van onttrekking in kennis stel.

Bostaande reëls geld ook enige deelname aan enige ander buitemuurse aktiwiteite buiten sport, behalwe waar dit ooglopend nie van toepassing is nie.

#### **4.8 Skooleiendom:**

4.8.1 'Skooleiendom' sluit die volgende in:

- Die grond en geboue wat deur die skool beset word sowel as enige permanente aanhegting aan sodanige grond en geboue
- Alle ander eiendom, wat toerusting, boeke, voorraad, motorvoertuie en dies meer insluit, wat die skool besit, huur of berg, of vir die beskadiging of verlies waarvan die skool wetlik aanspreeklik gehou kan word

- Aangesien die skool ontwikkel en opgerig is vir gebruik deur alle leerders wat daar skoolgaan, is alle leerders verplig om alles in hul vermoë te doen om die skool se eiendom te bewaar, sodat dit tot voordeel van alle huidige en toekomstige leerders van die skool gebruik kan word.
- Geen leerder mag enige skoolseiendom van die skoolperseel verwyder sonder die vooraftoestemming van die skoolhoof of 'n opvoeder van die skool nie.
- Leerders mag nie enige eiendom van die personeel van die skool, medeleerders, besoekers aan die skool, of lede van die publiek hanteer, beskadig, merk, skend of vernietig nie. Hierdie reël geld eiendom op die skoolterrein, in die onmiddellike omgewing van die skool, by of naby die plek van enige skoolaktiwiteit, sowel as enige voertuig waarmee leerders vervoer word en die eiendom daarop.

4.8.2 Leerders mag nie enige skoolseiendom beskadig, skend of vernietig nie. Enige leerder wat enige skoolseiendom opsetlik misbruik, beskadig of verniel, moet dit vervang of daarvoor betaal. Vernietiging en/of beskadiging van eiendom is 'n strafbare oortreding.

4.8.3 Dit word as 'n ernstige oortreding beskou om met 'n ander leerder se fiets, boeketas of eiendom te peuter, of dit sonder sy/haar toestemming te gebruik.

#### **4.9 Die Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL) en skoolleiers:**

- Die VRL en skoolleiers is saam met die personeel van die skool verantwoordelik vir algemene skoordisipliene.
- VRL-lede en ander skoolleiers moet leerders wat oortree na die personeel van die skool bring, waarna lynfunksies gevolg sal word.
- Alle leerders moet enige redelike voorskrif van 'n lid van die VRL of 'n ander skoolleier gehoorsaam, en moet die VRL en ander skoolleiers ondersteun en samewerking verleen in die behoorlike uitvoering van hul pligte.

#### **4.10 Skool kennisgewings/omsendbriewe:**

- Alle leerders is verplig om alle kennisgewings wat die beheerliggaam, skoolhoof of 'n opvoeder van die skool vir dié doel aan leerders uitreik, aan hul ouers te oorhandig, en om enige ontvangserkenning wat die ouers moet voltooi, stiptelik aan die klasopvoeder te voorsien.

#### **4.11 Skoolwerk en huiswerk:**

- Daar sal te alle tye 'n ordelike atmosfeer in die klaskamer heers. Leerders mag nie onderrig versteur of verhinder nie. ( sien klaskamerreëls 4.2.11 )
- Leerders moet klasopdragte stiptelik nakom.
- Alle leerders sal 'n huiswerkboek ingevolge die skoolhoof of klasopvoeder se voorskrifte hou en bywerk.
- Leerders moet die voorgeskrewe huiswerk doen en dit stiptelik teen die bepaalde spertyd by die betrokke opvoeder indien. Versuim om aan hierdie reël te voldoen kan slegs verskoon word indien die leerder op die dag waarop die huiswerk voltooi moes gewees het, 'n skriftelike nota van sy/haar ouers met 'n aanvaarbare verduideliking vir die versuim aan die opvoeder oorhandig.
- Alle leerders moet hul voorgeskrewe skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding doen om sodoende 'n deurlopende werksetiek te ontwikkel. Versuim om aan hierdie reël te voldoen, sonder 'n aanvaarbare verskoning, sal as 'n oortreding van hierdie reël beskou word.
- Leerders is verplig om enige werk wat hulle misgeloop het, so spoedig moontlik in te haal.

#### **4.12 Toetse en eksamens:**

- Alle leerders is verplig om hulle aan die toetse en eksamens wat deur die opvoeders aan hulle opgedra word, te onderwerp. Versuim om aan hierdie reël te voldoen sal slegs in uitsonderlike gevalle verskoon word, mits die ouers van die betrokke leerder op die vroegs moontlike geleentheid 'n volledige en aanvaarbare skriftelike verduideliking aan die skoolhoof oorhandig.
- Leerders moet hulle met die afneem van toetse of eksamens van enige vorm van oneerlikheid weerhou.
- Die volgende reëls geld tydens toetse of eksamens:
  - Geen selfone of notas word in 'n lokaal waar toetse of eksamen afgelê word toegelaat nie.
  - Slegs voorgeskewe hulpmiddels word toegelaat.
  - 'n Leerder mag nie die lokaal verlaat voor die einde van 'n skryfsessie nie.
  - 'n Leerder mag nie 'n steurnis in die lokaal wees nie.
  - Indien daar enige onduidelikheid in die vraestel voorkom, mag 'n toesighouer leerders van hulp wees slegs as daar 'n tegniese probleem is.
  - Geen vraestelvraag mag deur 'n toesighouer aan 'n leerder verduidelik word nie.
  - Geen skryfbehoeftes mag tydens die skryfsessie uitgeleen of geleen word nie.
  - Slegs deurskynende pennesakkies word in die lokaal toegelaat.
  - Slegs nie-programmeerbare sakrekenaars word toegelaat.

#### **4.13 Motorvoertuie en motorfietse:**

- Leerders mag nie motorvoertuie of motorfietse op die skoolterrein bring nie, tensy hulle oor die vooraf- skriftelike toestemming beskik van die skoolhoof of 'n ander personeelid wat deur die skoolhoof genomineer is, en tensy hulle stiptelik aan enige voorwaardes voldoen waaraan gemelde toestemming onderhewig kan wees.
- Indien 'n leerder nie in besit is van sodanige toestemming wanneer hy/sy deur enige lid van die personeel, beheerliggaam of VRL of 'n skoolleier versoek word om dit te toon nie, sal daar aanvaar word dat hy/sy nie oor sodanige toestemming beskik nie, totdat hy/sy die teendeel kan bewys.
- Alle motorvoertuie, motorfietse en fietse word op eie risiko op en om die skoolterrein parkeer.
- Die bestuur van 'n motorvoertuig of motorfiets deur 'n leerder sodat dit 'n gevaar of moontlike nadeel vir ander leerders op die skoolterrein of ander leerders en lede van die publiek in die onmiddellike omgewing van die skoolterrein inhou, is streng verbode.
- Leerders sal te alle tye die verkeersreëls op en om die skoolterrein nakom.
- 'n Leerder mag nie 'n selfaangedrewe voertuig op die skoolterrein bestuur nie.
- Slegs dagskoliere mag motorfietse of motors op die skoolterrein parkeer.
- Slegs die voorgeskewe parkeerarea vir motorfietse en motors mag gebruik word.

#### **4.14 Stiptelikheid:**

- Leerders sal op die bestemde tyd aan die begin van die skooldag en met die aanvang van enige ander skoolaktiwiteit opdaag. Wanneer leerders laat kom, moet hulle 'n skriftelike verskoning van hul ouers verskaf. Leerders wat laat opdaag, moet eers by die kantoor aanmeld voordat hulle na hul betrokke klas gaan.

#### **4.15 Afwesigheid van skool:**

- Leerders mag slegs in uitsonderlike gevalle afwesig wees van die skool, en dan ook slegs met die skriftelike toestemming van die skoolhoof, of sy/haar verteenwoordiger indien die skoolhoof nie beskikbaar is nie.
- Afwesigheid van die skool sonder 'n aanvaarbare verskoning word as stokkiesdraaiery beskou, wat streng verbode is.
- Leerders wat vir een tot drie agtereenvolgende dae van die skool afwesig is, moet met hul terugkeer 'n skriftelike verduideliking van hul ouers voorlê. Afwesigheid vir meer as drie agtereenvolgende dae sal slegs verskoon word indien 'n brief deur 'n geregistreerde mediese

praktisyn voorgelê word, buiten in die geval van dood of trauma in die leerder se gesin of om 'n ander rede wat deur die skoolhoof goedgekeur word.

#### 4.16 Omgewing:

- Leerders het die reg op 'n veilige omgewing en skool wat bevorderlik is vir opvoeding.
- Leerders mag nie die skoolgronde of -geboue bemors nie.
- Leerders wat toeskouers of ondersteuners by enige skoolaktiwiteit is, moet die terrein wat hulle beset netjies en skoon agterlaat, en moet seker maak dat alle rommel opgeruim en in vullishouers geplaas word.
- Leerders moet toilette skoon agterlaat.
- Enige optrede of versuim deur leerders wat 'n gesondheidsgevaar vir ander leerders veroorsaak of moontlik kan veroorsaak, moet vermy word.
- Geen slagspreuke (graffiti), plakkers, plakgate en dergelike dinge mag sonder die toestemming van die skoolhoof op enige oppervlak by die skool aangebring word nie.
- Leerders moet gehoor gee aan die redelike opdragte van die skoolhoof, enige opvoeder, lid van die VRL of 'n ander skoolleier met betrekking tot die handhawing van 'n skoon en higiëniese skoolomgewing.

#### 4.17 Opvoeding:

Leerders verbind hulle tot :

- pligsgetroue skoolwerk en getroue skoolbywoning.
- bywoning van die skoolprogram (kurrikulêr- en buitekurrikulêr).
- Bywoning van kursusse soos deur die hoof gereël.
- oriëntering van nuwe leerders word deur die VRL gereël en hanteer, nadat die program deur die hoof goedgekeur is, onder voogskap van die opvoeder deur die hoof aangewys.

4.18 Oortredings wat tot skorsing en/of uitsetting ( Vlak 3 ) kan lei, sluit in, maar is nie beperk nie tot:

4.18.1 optrede wat ander se veiligheid bedreig en wat die regte van ander skend;

4.18.2 die besit, dreigement of gebruik van gevaarlike wapens;

4.18.3 die besit, gebruik, verhandeling of sigbare bewys van narkotiese of ongemagtigde dwelms, alkohol en bedwelmende middels van enige aard;

4.18.4 bakleiery, aanranding of mishandeling;

4.18.5 onsedelike gedrag of 'n gevloek;

4.18.6 die aanneem of voorhou van 'n vals identiteit;

4.18.7 enige vorm van haatspraak, seksisme, rassisme of ander antisosiale gedrag;

4.18.8 diefstal of die besit van gesteelde goedere, wat die diefstal of besit van toets- of eksamenvraestelle voor sodanige toets of eksamen insluit;

4.18.9 onregmatige optrede teenoor en/of vandalisme, die vernietiging of beskadiging van skool eiendom wat die aanbring van graffiti sou insluit;

4.18.10 oneerbiedigheid, aanstootlike gedrag en verbale mishandeling gerig teen opvoeders of ander skoolpersoneel of -leerders;

4.18.11 herhaalde oortredings van skoolreëls of hierdie gedragskode;

4.18.12 strafregtelike en onderdrukkende gedrag, soos verkragting en geslagsgebaseerde teistering;

4.18.13 viktimisasie, afknouery en intimidasie van ander leerders;

4.18.14 die oortreding van eksamenreëls; en

4.18.15 opsetlike en bewuste verstrekking van vals inligting, of die vervalsing van dokumente, ten einde onbehoorlike voordeel te bekom.

4.19 Vrystelling van bepalinge van die gedragskode

- Leerders kan op kulturele, godsdienstige of mediese gronde skriftelik by die beheerliggaam aansoek doen om algehele of gedeeltelike vrystelling van een of meer van die items wat in die gedragskode vervat is.
- Sodanige aansoek moet volledige redes én stawende bewyse insluit. Die bewyslas rus dus op die leerder om die aansoek om vrystelling te staaf.
- Aansoeke om vrystelling sal slegs aan die begin van elke skooljaar oorweeg word, tensy dringendheid of veranderende omstandighede aangevoer kan word.
- In die oorweging van 'n aansoek om vrystelling sal die beheerliggaam geregtig wees om enige inligting in te win wat hy vir 'n regverdigte beoordeling van die aansoek kan nodig ag.
- Die beheerliggaam sal die aansoek om vrystelling met die nodige erns en verantwoordelikheid, en binne die raamwerk van die Grondwet en hofuitsprake oorweeg, en die leerder skriftelik van sy besluit inlig.

4.20 Skuldigbevinding deur 'n hof aan 'n strafregtelike oortreding sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.

4.21 In geval van die oortreding van enige bepaling in hierdie gedragskode of die skool se koshuisreëls sal die voorgeskrewe dissiplinêre prosedure gevolg word en sal gestraf word na gelang van die erns van die oortreding en in ooreenstemming met die magte en bevoegdhede wat deur die wet aan die skoolhoof of sy gevolmagtigde verleen word.

4.22 Hierdie stelsel is die uitvloeisel van werksessies en samesprekings tussen personeel, leerders en die beheerliggaam.

4.23 Elke situasie moet op meriete hanteer word.

4.24 Hulp aan leerders word vooropgestel.

4.25 Toepassing van tug geskied nadat skuld bo alle twyfel bewys is.

4.26 Tydelike uitsluiting is dadelik van krag en geld vir alle fasette van skoolaktiwiteite.

4.27 Leerders en ouers word altyd tydens eerste oortreding gewaarsku ten opsigte van die tugstappe vir die volgende oortreding.

4.28 Die uitvoering van die dissiplinêre stelsel word uiteengesit in die "prosedure vir dissiplinêre optrede teen leerders".

GETEKEN TE \_\_\_\_\_ OP HIERDIE \_\_\_\_\_ DAG VAN \_\_\_\_\_ 20 \_\_\_\_\_

---

Voorsitter SBL

---

Skoolhoof

Gewysig op datum 31/08/2015 ( dele gewysig word kursief aangedui )